HOËRSKOOL
STELLENBOSCH

Skoolhoof: Mnr T H Pellissier
E-pos: admin@stellies.com
Tel: + 27 21 887 3082/3
Jannaschstraat, Stellenbosch, 7600
www.stellies.com

SEMPER ALTIOR
STELLENBOSCH

# ALTERNATIEWE ASSESERINGS AKKOMMODASIE (AAA) BELEID: 2025

## 1. DEFINISIES EN AGTERGROND

In hierdie beleid, dra die volgende afkortings die betekenis soos hieronder uiteengesit:

| | |
|---|---|
| AAA: | Alternatiewe Assesserings Akkommodasie |
| HSS: | Hoërskool Stellenbosch |
| NSS: | Nasionale Senior Sertifikaat |
| SGOS: | Skoolgebaseerde Ondersteuningspan |
| VOO: | Graad 10 tot Graad 12 |
| WKOD: | Wes-Kaapse Onderwysdepartement |

HSS ondersteun die WKOD se AAA-program vir leerders met sodanige behoeftes, soos onder andere vervat in Omsendbrief 0017/2016 en Assesseringbestuursminuut 0005/2017 en 0001/2019 van die WKOD.

Die doel van die toestaan van akkommodasies en konsessies is nie om leerders 'n onregverdige voorsprong te gee nie, maar eerder om leerders wat hindernisse mag ervaar 'n gelyke geleentheid te gee. Aangesien die doel van assesserings is om 'n akkurate peiling van leerders se kennis en vaardighede te gee, is die doel van AAA daarom om leerders wat oor die nodige potensiaal beskik 'n regverdige geleentheid te gee om te demonstreer dat hy/sy aan assesseringsvereistes kan voldoen. Sodanige akkommodasies word dus tydens assesserings vir akademies kwesbare leerders gemaak waar dit redelikerwys uitvoerbaar is. Elke leerder se akademiese behoeftes sal so ver moontlik binne die skool se kapasiteit ondersteun word, waar toepaslik, en waar die skool die nodige opvoedkundige ondersteuningsdienste het.

## 2. WIE KWALIFISEER VIR AKKOMMODASIES?

***Leerders kan vir assesserings akkommodasies kwalifiseer indien:***

a) Daar 'n fisiese gebrek of -hindernis is wat assessering met die gewone metodes moeilik maak.
b) Daar 'n gediagnoseerde leerhindernis bestaan, wat veroorsaak dat leerders beduidend onder hulle getoetste vermoë presteer.

HSS beskik oor beperkte kapasiteit en fasiliteite om AAA aan leerders te bied, en behou weens logistieke oorwegings die reg voor om 'n perk te plaas op die aantal aansoeke wat geakkommodeer kan word. Leerders wat kwalifiseer vir AAA, maar nie geakkommodeer kan word as gevolg van kapasiteitsbeperkings nie, sal op 'n waglys geplaas word.

## 3. WIE KWALIFISEER NIE VIR AKKOMMODASIES NIE?

***Akkommodasie word nie toegestaan waar:***

a) 'n leerder se taal van onderrig die primêre probleem is nie (met ander woorde leerders wat sukkel omdat die skool se taal van onderrig nie die leerder se moedertaal is nie).
b) leerders oor 'n lae kognitiewe vermoë beskik nie.

## 4. SKOOLGEBASEERDE ONDERSTEUNINGSPAN

Alle aangeleenthede rondom assesserings akkommodasies en konsessies by HSS sal bestuur word deur ’n SGOS. Die SGOS is ook verantwoordelik vir die evaluering van enige AAA-aansoeke wat deur die skool ontvang word, en vir die indiening van sodanige aansoeke by die WKOD.

***Die SGOS sal bestaan uit:***

- Adjunkhoof verantwoordelik vir assesserings
- Hoof van Akademie
- Leerderondersteuningskoördineerder
- Skoolsielkundige/terapeut
- ’n Lid van die skool se beheerliggaam
- Ondersteuningspersoneel waar toepaslik (insluitend onderwyser(s) van leerders wat na die SGOS verwys is)

Die SGOS sal twee maal per jaar vergader (in Maart en Oktober) om AAA-aansoeke te oorweeg, tensy buitengewone omstandighede vereis dat ’n aansoek buite daardie tydsraamwerk oorweeg moet word. Alle dokumentasie met betrekking tot ’n AAA-aansoek moet volledig ingedien wees voor ’n aansoek deur die SGOS oorweeg sal word.

## 5. IDENTIFISERING VAN KANDIDATE

***Die identifisering van moontlike kandidate vir AAA kan op die volgende wyses geskied:***

a) Aanbeveling deur ’n vorige skool/opvoedkundige instansie. Akkommodasies van vorige instansies waarborg egter nie dat ’n leerder outomaties akkommodasies of soortgelyke akkommodasies by HSS sal ontvang nie; ’n volledige aansoekproses moet eers weer gevolg word.
b) Klas-/vakonderwysers neem ’n leerder se funksionering en prestasie in klasassesserings en eksamens waar gedurende die senior fase, en rapporteer moontlike kandidate vir AAA aan die SGOS.
c) Aanbevelings van eksterne partye soos sielkundiges of mediese spesialiste kan na die SGOS verwys word. Sodanige aanbevelings sal egter slegs in samehang met skoolgebaseerde observasie en assessering beskou word, en die volledige proses moet steeds gevolg word.

Ouers/voogde of ’n professionele persoon wat ‘n diagnose maak, kan nie self direk by die WKOD aansoek doen om AAA nie. Aansoeke sal deur die skool by die WKOD ingedien word.

## 6. VOORVEREISTES VIR AANSOEKE

Aansoeke vir alternatiewe assesserings akkommodasies sal slegs oorweeg word indien daar bewys gelewer kan word van ’n geskiedenis van ’n probleem, of ’n voortgesette probleem, wat geremedieer word en aangespreek word deur onderwyspersoneel en relevante professionele persone. Bewys moet gelewer word van remediërende stappe wat geneem is asook dat ’n plan om die probleem te bestuur reeds onsuksesvol op die proef gestel is. AAA is slegs ‘n laaste opsie, nadat alle ander moontlike ander ingrepe om die leerhindernis te ondersteun reeds uitgeput is.

## 7. PROSEDURE

***Die prosedure wat gevolg word wanneer ’n leerder as ’n moontlike kandidaat vir AAA geïdentifiseer word, is as volg:***

a) Ouers/voogde sal versoek word om met die Leerderondersteuningskantoor te skakel, sodat die nodige dokumentasie ingesamel kan word. ’n Volledige lys van dokumentasie wat benodig word, kan ook by die Leerderondersteuningskantoor verkry word. Geen aansoek sal deur die SGOS oorweeg word sonder alle stawende dokumentasie nie. Sodanige dokumentasie sluit ‘n leerderprofiel in, wat ‘n voortgesette inligtingsrekord is wat ’n algehele indruk van ’n leerder asook ’n leerder se vordering en prestasie gee. Onderwysers is tipies verantwoordelik om leerderprofiele by te werk. Onderwysers kan ook gevra word om rekord te hou van enige ondersteuning wat gebied is, byvoorbeeld kurrikulumintervensies of kurrikulumgedifferensieerde inhoud.
b) Enige aansoek sal deur die SGOS evalueer word, op grond waarvan hulle ’n aanbeveling sal maak. Hierdie aanbeveling kan wees dat verdere ingrepe moet plaasvind om die leerhindernis te ondervang, of dit kan wees dat ’n versoek aan die WKOD gemaak word vir die goedkeuring van ’n akkommodasie vir die leerder.
c) Indien die SGOS aanbeveel dat ’n akkommodasie toegestaan word, moet hulle bewys kan lewer aan die WKOD dat ’n leerder interne of eksterne leerhindernisse ervaar wat sodanige leerder tydens assesserings sal benadeel.

## 8. EVALUERINGSKRITERIA

Aansoeke word deur die SGOS op individuele meriete beoordeel, met inagneming van leerderbehoeftes en nie akademiese prestasie nie. Die fokus van die SGOS sal die bevordering van leerderontwikkeling wees om vaardighede te ontwikkel om onafhanklik te funksioneer.

***Die volgende faktore sal deur die SGOS in ag geneem word wanneer ’n aanbeveling oor AAA gemaak word:***

a) Die leerder moes eers alle nodige hulp en ingrepe ter ondersteuning van die leerhindernis ontvang het, en die effek van hierdie hulp en ingrepe moet geëvalueer word. Sulke ingrepe sluit in (maar is nie beperk tot) akademiese hulp, leeshulp, remediërende onderrig, betrokkenheid van ouers/voogde, terapeutiese ingrepe en medikasie (waar toepaslik). Stawende dokumentasie ten opsigte van hierdie ingrepe moet aan die skool verskaf word.
b) Indien voldoende ingrepe nog nie plaasgevind het nie, kan die SGOS die nodige ingrepe aanbeveel voordat AAA oorweeg sal word. AAA sal slegs oorweeg word indien aanbevole ingrepe oneffektief was.
c) AAA sal nie aanbeveel word indien die leerder se ingesteldheid en gedrag nie voldoende is vir akademiese vordering nie.
d) AAA sal nie aanbeveel word indien die leerder se akademiese vordering benadeel word deur afwesigheid van skool nie.
e) AAA sal nie aanbeveel word indien ’n leerder reeds volgens sy/haar getoetste akademiese vermoë presteer nie.

Leerders met leerhindernisse word vir AAA oorweeg op grond van ’n volledige evaluasie van die omvang en erns van die hindernisse wat die leerder mag ervaar, en nie op grond van diagnose alleen nie. ’n Verslag van ’n professionele persoon wat die leerder evalueer het, is dus nie ’n waarborg dat die skool die akkommodasie sal aanbeveel nie. So ’n verslag dien slegs as een ondersteunende bron van inligting wat deur die skool en die WKOD oorweeg sal word.

Ad hoc-konsessies sal slegs oorweeg word in gevalle waar kandidate noodgevalle tydens of direk voor eksamentydperke ervaar. Sulke noodgevalle sluit in hospitalisering, beserings, skielike siekte of trauma.

## 9. TYDPERK VIR AANSOEKE

Die identifisering van leerders vir AAA moet so ver moontlik gedurende die senior fase plaasvind. Dit is onwaarskynlik dat leerders wat gedurende die VOO-fase na die SGOS verwys word aan die nodige vereistes sal voldoen.

Enige leerhindernisse moet dus ten minste voor die einde van 'n leerder se graad-10 jaar onder die skool se aandag gebring word, sodat daar genoeg tyd is om die nodige ingrepe en hulp aan die leerder te bied. Aansoeke vir graad 11 sluit in Oktober van 'n leerder se graad 10- jaar. In uitsonderlike gevalle kan aansoeke vir graad 12 op die laatste teen Junie van die leerder se graad 11-jaar ingedien word. Geen nuwe aansoeke sal in graad 12 aanbeveel word nie, tensy daar 'n fisiese besering is.

Die proses kan etlike maande duur en dit is daarom belangrik dat aansoeke tydig ingedien word. Akkommodasies sal slegs geïmplementeer word nadat die skool skriftelike goedkeuring vanaf die WKOD ontvang het.

## 10. STAWENDE DOKUMENTASIE

***Die volgende stawende dokumentasie word verlang:***

- Kopieë van die vorige twee jaar se akademiese verslae/rapporte
- Kopie van 'n skryfstuk wat deur 'n taalonderwyser nagesien is
- Ten minste twee bladsye Wiskunde-klaswerk
- Kopieë van onvoltooide assesserings wat bewys dat daar 'n behoefte aan ekstra tyd is
- Indien beskikbaar, 'n brief van 'n remediërende onderwyser/tutor ter ondersteuning van die aansoek.
- Huidige mediese verslae (wat aandui of enige relevante medikasie voorgeskryf is)

Die SGOS kan ook addisionele dokumentasie versoek indien hulle dit nodig ag vir die evaluering van die aansoek.

## 11. LEERDERS EN OUERS/VOOGDE SE VERANTWOORDELIKHEID

a) Dit is die leerders se verantwoordelikheid om aan die begin van elke jaar by die Leerderondersteuningskantoor vir AAA aan te meld.
b) Leerders is self daarvoor verantwoordelik om sy/haar eksamenroosters vroegtydig by die Leerderondersteuningskantoor in te handig.
c) Ouers is self verantwoordelik om 'n AAA geakkrediteerde voorleser/transkribeerder/beplanner/toesighouer (waar van toepassing) te vind en die nodige reëlings te tref. Die betrokke persoon mag nie 'n direkte familielid van die leerder wees nie. Indien die persoon nog nie die nodige opleiding gehad het vir so 'n rol nie, kan ouers met die Leerderondersteuningskantoor by die skool in verbinding tree om te bevestig wanneer AAA opleiding deur die WKOD aangebied sal word. Sulke opleiding is vir twee jaar geldig.
d) Ouers is verantwoordelik om geakkrediteerde helpers se kontakbesonderhede drie weke voor die aanvang van die eksamentydperk aan die Leerderondersteuningskantoor te verskaf.
e) Ouers is self verantwoordelik vir enige finansiële aspekte rondom AAA. Sulke vergoeding moet direk aan die helper of diensverskaffer betaal word.

f) Toesighouers vir die NSS-eksamen sal deur die skool gereël word. Kostes is deur die ouers betaalbaar en die volle bedrag moet teen die einde van Augustus betaal wees.

## 12. <u>VOORTSETTING VAN AKKOMMODASIES</u>

Leerders wat nie van hul AAA gebruik nie, se akkommodasie sal verval. Indien 'n leerder vir AAA gekwalifiseer het, maar onderwyspersoneel of die SGOS bevind dat 'n leerder nie sy/haar kant in die klas bring nie, sal die AAA vir die leerder hersien word.

Daar moet kwartaalliks bewys aan die Leerderondersteuningskantoor gelewer word dat die AAA-leerder toepaslike akademiese remediëring en/of emosionele ondersteuning vir die betrokke leerhindernis ontvang. Indien hierdie bewys nie ingehandig word nie, verval die leerder se AAA.

## 13. <u>KLASASSESSERINGS</u>

Alle formele assesserings wat gedurende klastyd geskied, sal nie vir akkommodasies in aanmerking kom nie.

Verdere navrae kan gerig word aan die leerderondersteuningkantoor by sgos@stellies.com.

***Geteken te Stellenbosch op 5 Mei 2025 na eenparige goedkeuring deur die Skoolbeheerliggaam tydens vergadering.***



***ME MARETHA EKSTEEN***

***VOORSITTER: HOËRSKOOL STELLENBOSCH SKOOLBEHEERLIGGAAM***